DAG 2

Waar God tuisvoel

Lees Jesaja 66:1

Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? (v. 1b).

Die mens voel nie oral ewe tuis nie. Sommige van ons floreer in die buitelug. Dan wil ons na die berge toe, want daar kan ons werklik leef en God naby ons voel.

Ander wil net see toe. Hulle vertel daar is hulle meer kreatief en die son, see en lug maak die lewe een groot stuk genot.

Ander funksioneer op hulle beste in die stad tussen baie mense. Die drukte van 'n besige stadslewe laat die adrenalien pomp en lewer vir hulle die beste resultate.

Net so soek die Here ook 'n bepaalde omgewing waar Hy tuis sal voel. Dit moet 'n plek wees wat deur ons vir Hom gereed gemaak is deur ons ingesteldheid. God voel waarlik tuis in die lewe van hulle wat werklik vir Hom respek het en afhanklik na sy stem luister. Wanneer die Here vir mense 'n werklikheid in hulle lewe word, word

hulleself 'n tempel waarin God op sy beste leef en regeer. As jy werklik intimiteit met die lewende Here verlang, skep die omgewing, ja, maak jou lewe die tuiste van die Here.

My begeerte is vandag dat my hele lewe net u tuiste sal word.

Aantekeninge: